

# 1. Inleiding

Frans word vir beginners asook vir studente met Frans in Graad 12 aangebied. Frans kan gevolg word binne die volgende programme van die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe:

**Tot op 3<sup>e</sup> jaarsvlak:**

BA Geesteswetenskappe  
BA Internasionale Studie  
BA Mus  
BA Taal en Kultuur

**Tot op 2<sup>e</sup> jaarsvlak:**

BDram  
BA PPE

**Slegs op 1<sup>ste</sup> jaarsvlak (Die vak mag egter vir nie-graaddoeleindes geneem word):**




BA Sosiale Dinamika  
BA Waarde en Beleidstudie  
BA Regsgeleerdheid  
BMus

**Frans 178:** Inleiding tot die Franse Taal en Kultuur (vir beginners met geen voorafkennis van Frans nie)

**Frans 188:** Intermediêre studie van die Franse Taal, Literatuur en Kultuur (vir studente met Frans in Graad 12 of ekwivalent)

**Franssprekende studente of studente met 'n sterk Franssprekende agtergrond mag vir geen van die voorgraadse modules in Frans registreer nie.**

## 1.2 Vloerplan

550		Lesingsaal 551	<b>Lesingsaal 553</b>	
549		Lesingsaal 547		554
<b>Kantoor 548</b> <b>Sekretariaat</b>  <b>Mev Lizelle Engelbrecht</b>				555 Duits
546				556
<b>544</b> <b>Dr Eric Levéel</b>		558 Duits		
<b>543</b> <b>Dr Johanna Steyn</b>		559 Duits		
<b>541</b> <b>Prof. Catherine du Toit</b>		560 Chinees		
<b>540</b> <b>Franse dosente</b>		561 Chinees		
539 Duits		Trappe		
537 Duits		 		
				

## 2. Sekretaresse se kantoor en fisiese adres

**Fisiese Adres:** Kantoor 548, Lettere en Sosiale Wetenskappegebou, Merrimanstraat, Stellenbosch

**Posadres:** Privaatsak X1, Matieland 7602, SUID-AFRIKA

**Faks:** + 27 21 808 2035

### **Sekretaresse se kantoor:**

	<b>E-pos</b>	<b>Kantoor</b>	<b>Telefoon</b>
Mev Lizelle Engelbrecht	lizellee@sun.ac.za	Kantoor 548	(021) 808 2133

### **Departementele voorsitter:**

Prof. Catherine du Toit	cdt@sun.ac.za	Kantoor 541	(021) 808 2063
-------------------------	---------------	----------------	----------------

**Verdere inligting sowel as belangrike veranderinge sal tydens lesings aangekondig word. Besoek ook ons webblad:**

<http://academic.sun.ac.za/forlang/>

### 3. Akademiese Personeel en Deeltydse Onderrigassistentente

	<b>E-pos</b>	<b>Kantoor</b>	<b>Telefoon</b>
Prof. Catherine du Toit (Hoof van die Franse afdeling)	cdt@sun.ac.za	541	(021) 808 2063
Dr Eric Levéel	eleveel@sun.ac.za	544	(021) 808 2032
Dr Johanna Steyn	jets@sun.ac.za	543	(021) 808 2062

#### Frans Onderrigassistentente en Tutors (Deeltyds)

	<b>E-Pos</b>	<b>Kantoor</b>	<b>Telefoon</b>
Dr Marietjie Revington	<a href="mailto:marietjie@sun.ac.za">marietjie@sun.ac.za</a>	540	(021) 808 2133
Dr Marie-Anne Staebler	<a href="mailto:staebler@sun.ac.za">staebler@sun.ac.za</a>	540	(021) 808 2133
Florence Salze	<a href="mailto:mflfrench@sun.ac.za">mflfrench@sun.ac.za</a>	540	(021) 808 2133
Nicole Biscombe	<a href="mailto:Nicolembiscombe@yahoo.co.za">Nicolembiscombe@yahoo.co.za</a>	540	(021) 808-2133
Steffy Delmage	<a href="mailto:d.steffy.m@gmail.com">d.steffy.m@gmail.com</a>	540	(021) 808 2133
Martine Steyn	<a href="mailto:martine.steyn@gmail.com">martine.steyn@gmail.com</a>	540	(021) 808 2133
Janet Vermaak	<a href="mailto:16965256@sun.ac.za">16965256@sun.ac.za</a>	540	(021) 808 2133

### 4. Permanente Akademiese Personeel

#### Prof. Catherine du Toit, PhD

*Navorsingsbelangstellings:* Die werk en wêreld van Henri-Pierre Roché; 20ste-eeuse letterkunde; literêre biografie en autobiografiese skrywe; vergelykende letterkunde; literêre mites; filmstudies; integrasie van letterkunde en taalonderrig; vertaling, misdaadfiksie.

*Onderrig:* Franse taal en letterkunde.

#### Dr Eric Levéel, PhD

*Navorsingsbelangstellings:* Simone de Beauvoir se oeuvre, reise en selfgeskepte bestaan, reisliteratuur, outobiografie as literêre genre, gay letterkunde uit Noord-Afrika en die uitbeelding van homoseksualiteit in Noord-Afrika, 20ste-eeuse Franse letterkunde, die Franse intellektuele en artistieke wêreld tydens die Okkupasie van Frankryk (1940-1944), letterkunde oor die Joodse Volksmoord, Franssprekende Roemeense skrywers en intellektuele.

*Onderrig:* Franse taal en letterkunde.

#### Dr Johanna Steyn, PhD

*Navorsingsbelangstellings:* Literêre vertaling, Romantiese en moderne Franse drama, uitbeeldings van Suid-Afrika in Franse letterkunde, 19e en 20ste-eeuse letterkunde, misdaadfiksie.

*Onderrig:* Franse taal en letterkunde, vertaling

## 5. Module-uiteensettings

<b>Frans 178: Inleiding tot die Franse Taal en Kultuur</b>
--

**Kontakperiodes:** 3 lesings, 1 tutoriaal en 1 praktiese klas per week  
**Koördineerder:** Dr Marietjie Revington

Ses groepe vir hooflesings aangebied deur die volgende dosente: Marietjie Revington, Eric Levéel, Johanna Steyn, Marie-Anne Staebler, Florence Salze

Groepe vir tutoriale aangebied deur die volgende onderrigassistentente: Nicole Biscombe, Janet Vermaak

Tien groepe vir praktiese klasse aangebied deur die volgende onderrigassistentente: Steffy Delmage, Florence Salze

### **Evaluering**

Frans 178 maak gebruik van Deurlopende Evaluering. Hierdie stelsel word as volg toegepas: Geen eksamens word afgelê nie dus is daar geen “eksamenvrystelling” of tweede geleentheid nie en geen hernasien van werk nie. Daar is ’n aantal evalueringsgeleentheid deur die jaar: toetse, huiswerk en werk gedoen tydens tutoriale / praktiese klasse en mondelinge. Studente sal slegs hierdie kursus slaag deur gereelde klasbywoning en inhandiging van ALLE werk.

### **Beskrywing van module**

Die module is bedoel om studente ’n basiese kommunikasievermoë te gee. Dit stel studente in staat om hedendaagse Frans in alledaagse situasies te verstaan, te praat, te lees, en – in ’n mindere mate – te skryf; en wél met ’n basiese kennis van die hedendaagse leefwêreld in Franssprekende lande.

- Inleiding tot taalstudie
- Inleiding tot die kontemporêre Franse beskawingskunde aan die hand van temas
- Studie van eenvoudige letterkundige tekste

### **Algemene uitkomst**

Studente wat die module suksesvol voltooi het, is in staat om Frans in alledaagse situasies te verstaan, te praat, te lees en (tot ’n mindere mate) te skryf, en wél met ’n basiese kennis van die hedendaagse leefwêreld in Frankryk.

### **Spesifieke uitkomst**

Na die suksesvolle voltooiing van Frans 178 is ’n student in staat om

- oor hom/haarself, sy/haar lewe en omgewing, die weer, sy/haar voor- en afkeure en ander basiese gesprekstemas te praat;
- basiese tekste te verstaan (insluitende ’n eenvoudige letterkundige teks);
- hom-/haarself uit te druk deur die verlede en die teenwoordige tyd te gebruik;
- ’n vriendelike brief te skryf;
- ’n basiese gesprek in Frans te volg en daarop te reageer; en
- die DELF A1 eksamen te slaag.

<b>Frans 188: Intermediêre Studie van die Franse Taal, Literatuur en Kultuur</b>
--

**Kontakperiodes:** 3 lesings, 1 tutoriaal

**Koördineerder:** Dr Johanna Steyn

**Lesingure per week:** 1 letterkunde, 1 taal, 1 kommunikasie en 1 tutoriaal

### **Letterkunde**

Eerste kwartaal	Inleiding tot poësie	Johanna Steyn
Tweede kwartaal	Franse kortverhale	Catherine du Toit
Derde kwartaal	Roman	Eric Levéel
Vierde kwartaal	Drama	Johanna Steyn

### **Taal**

Eerste kwartaal	Marietjie Revington
Tweede kwartaal	Johanna Steyn
Derde kwartaal	Johanna Steyn
Vierde kwartaal	Johanna Steyn

### **Kommunikasie**

Eerste kwartaal	Steffy Delmage
Tweede kwartaal	Steffy Delmage
Derde kwartaal	Florence Salze
Vierde kwartaal	Steffy Delmage

### **Tutoriale**

Eerste semester	Nicole Biscombe
Tweede semester	Nicole Biscombe

### **Evaluering**

Frans 188 maak gebruik van Deurlopende Evaluering. Hierdie stelsel word as volg toegepas: Geen eksamens word afgelê nie dus is daar geen “eksamenvrystelling” of tweede geleentheid nie en geen hernasien van werk nie. Daar is ’n aantal evalueringsgeleentheid deur die jaar: toetse, huiswerk en werk gedoen tydens tutoriale / praktiese klasse en mondelinge. Studente sal slegs hierdie kursus slaag deur gereelde klasbywoning en inhandiging van ALLE werk.

### **Algemene uitkomst**

Studente wat die kursus suksesvol voltooi het, is in staat om Frans met gemak in ’n groot verskeidenheid alledaagse situasies te gebruik, letterkundige tekste in die vorm van gedigte, kortverhale, toneelstukke en romans te analiseer en te bespreek, en wél met ’n basiese kennis van die hedendaagse leefwêreld in Frankryk.

### **Spesifieke uitkomst**

Na die suksesvolle voltooiing van Frans 188 is ’n student in staat om

- met gemak oor gebeure, gevoelens en die alledaagse lewe in Frankryk te praat deur ’n groot verskeidenheid woorde, sinonieme en idiomatiese uitdrukkings te gebruik;
- ’n letterkundige teks te verstaan, te analiseer en sy/haar opinie daaroor te uiter;
- met gemak ’n interaktiewe gesprek in Frans te voer; en
- die DELF A2 eksamen te slaag.

<b>Frans 278:</b> <b>Voortgesette Studie van die Franse Taal, Literatuur en Kultuur</b>
--

**Kontakperiodes:** 3 lesings, 1 praktiese klas en 1 tutoriaal

**Koördineerder:** Dr Eric Levéel

**Lesingure per week (1ste semester):** 1 letterkunde, 2 taal, 1 kommunikasie en 1 tutoriaal.

**Lesingure per week (2de semester):** 2 letterkunde, 1 taal, 1 kommunikasie en 1 tutoriaal

Drie taalgroepe met die volgende dosente: Eric Levéel, Johanna Steyn, Florence Salze

Vier groepe vir kommunikasie met die volgende dosente: Marie-Anne Staebler, Marietjie Revington

Drie groepe vir tutoriale met die volgende onderrigassistente: Marietjie Revington, Steffy Delmage

### Letterkunde

Eerste kwartaal Poésie

Catherine du Toit

Tweede kwartaal Nouvelles

Marie-Anne Staebler

Derde kwartaal Roman: *Sal later bevestig word*

Johanna Steyn

Vierde kwartaal Théâtre: *Sal later bevestig word*

Eric Levéel

### Taal

Eerste kwartaal

Johanna Steyn, Eric Levéel,  
Florence Salze

Tweede kwartaal

Johanna Steyn, Eric Levéel,  
Florence Salze

Derde kwartaal

Johanna Steyn, Eric Levéel,  
Florence Salze

Vierde kwartaal

Johanna Steyn, Eric Levéel,  
Florence Salze

### Kommunikasie

Eerste kwartaal Thèmes sélectionnés

Marie-Anne Staebler

Tweede kwartaal Thèmes sélectionnés

Marietjie Revington

Derde kwartaal Thèmes sélectionnés

Marie-Anne Staebler

Vierde kwartaal Thèmes sélectionnés

Marietjie Revington

### Evaluering

Frans 278 maak gebruik van Deurlopende Evaluering. Hierdie stelsel word soos volg toegepas: Geen eksamens word afgelê nie dus is daar geen “eksamenvrystelling” of tweede geleentheid nie en geen hernasien van werk nie. Daar is ’n aantal evalueringsgeleentheid deur die jaar: toetse, huiswerk en werk gedoen tydens tutoriale / praktiese klasse en mondelinge. Studente sal slegs hierdie kursus slaag deur gereelde klasbywoning en inhandiging van ALLE werk.

Die tweedejaarskursus lei studente tot gevorderde kommunikasievermoë in Frans en sluit ook ’n inleiding tot die interpretasie van Franse letterkunde in.

- Gevorderde taalstudie
- Basiese konsepte en beginsels van Frans as Vreemde Taal
- Vergelykende beskawingskunde aan die hand van temas
- Studie van tekste na aanleiding van hierdie temas

### Algemene uitkomst

Studente wat die module suksesvol voltooi het, is in staat om

- tekste (in die ekstensiewe sin van die woord) kultuurkontrastief te verstaan deur middel van 'n kennis van die basiese tekswetenskaplike beginsels en 'n kritiese bewussyn van ooreenkomste en verskille tussen die uitgangs- en die teikenkultuur (insluitende Franssprekende lande); en
- mondeling en skriftelik bewys te lewer van die vaardighede en kennis hierbo genoem.

### **Spesifieke uitkomst**

Na die suksesvolle voltooiing van Frans 278 is 'n student in staat om

- met gemak oor gebeure, die alledaagse lewe en die kultuur in Suid-Afrika, Frankryk en Franssprekende lande te praat;
- 'n eenvoudige debat oor aktuele temas te voer;
- die relevansie van letterkunde tot die aanleer van 'n vreemde taal te verstaan;
- letterkundige tekste in die vorm van gedigte, kortverhale, toneelstukke en romans te verstaan en te analiseer; en
- die DELF A2 en moontlik B1 eksamens te slaag (volgens individuele aanleg).



<b>Frans 318:</b> <b>Gevorderde Studie van die Franse Taal, Literatuur en Kultuur I</b>
--

**Kontakperiodes:** 3 lesings, 1 praktiese klas en 1 tutoriaal  
**Koördineerder:** Prof. Catherine du Toit  
**Lesingure per week:** 2 letterkunde, 1 taal en 1 kommunikasie en 1 tutoriaal  
**Lektore:** Catherine du Toit, Johanna Steyn, Eric Levéel, Marie-Anne Staebler

**Letterkunde**

Eerste kwartaal	<i>Le vin dans la littérature</i>	Catherine du Toit
Tweede kwartaal	<i>Le cinéma</i>	Catherine du Toit

**Taal**

Eerste kwartaal	<i>La Grammaire de J. Olivier</i>	Johanna Steyn
Tweede kwartaal	<i>La Grammaire de J. Olivier</i>	Catherine du Toit
Deurlopend		Catherine du Toit

**Kommunikasie**

Eerste kwartaal	Catherine du Toit
Tweede kwartaal	Marie-Anne Staebler

<b>Frans 348:</b> <b>Gevorderde Studie van die Franse Taal, Literatuur en Kultuur II</b>
---

**Kontakperiodes:** 3 lesings, 1 praktiese klas en 1 tutoriaal  
**Koördineerder:** Dr. Catherine du Toit / Dr Johanna Steyn  
**Lesingure per week:** 2 letterkunde, 1 taal, 1 kommunikasie en 1 tutoriaal  
**Lektore:** Eric Levéel, Johanna Steyn, Gavin Bowd

**Letterkunde**

**Littérature contemporaine**

Derde kwartaal	Roman	Eric Levéel
Vierde kwartaal	Le théâtre	Johanna Steyn

**Taal**

Derde kwartaal	<i>La Grammaire de J. Olivier</i>	Johanna Steyn
Vierde kwartaal	<i>La Grammaire de J. Olivier</i>	Eric Levéel
Deurlopend		Marietjie Revington

**Kommunikasie**

Derde kwartaal	Gavin Bowd
Vierde kwartaal	Eric Levéel

## **Evaluering**

Frans 318 en 348 maak gebruik van Deurlopende Evaluering. Hierdie stelsel word as volg toegepas: Geen eksamens word afgelê nie dus is daar geen “eksamenvrystelling” of tweede geleentheid nie en geen hernasien van werk nie. Daar is ’n aantal evalueringsgeleentheid deur die jaar: toetse, huiswerk en werk gedoen tydens tutoriale / praktiese klasse en mondelinge. Studente sal slegs hierdie kursus slaag deur gereelde klasbywoning en indien van ALLE werk.

## **Algemene uitkomst**

Studente wat die kursus suksesvol voltooi het, is in staat om

- tekste (in die ekstensiewe sin van die woord) te verstaan en dié se relevansie in hulle eie omgewing te begryp deur middel van ’n kennis van die basiese tekswetenskaplike beginsels en ’n kritiese bewussyn van ooreenkomste en verskille tussen die uitgangspunte en die teikenkultuur (insluitende Franssprekende lande);
- die relevansie van Frans tot hulle ander vakke en toekomstige beroepslewe te verstaan en praktiese professionele vaardighede in Frans effektief toe te pas; en
- mondeling en skriftelik bewys te lewer van die vaardighede en kennis hierbo genoem.

## **Spesifieke uitkomst**

Na die voltooiing van Frans 318 en 348 is ’n student in staat om

- oor abstrakte / filosofiese temas soos identiteit, ‘die ander’ en eksistensialisme te praat;
- die relevansie van letterkunde in sy/haar persoonlike lewe binne die Suid-Afrikaanse konteks te verstaan;
- letterkundige tekste in die vorm van gedigte, films, kortverhale en romans te verstaan en te analiseer;
- die basiese praktiese vaardighede wat hy/sy verwerf het, in ’n professionele situasie toe te pas, b.v. hoe om ’n Curriculum Vitae te skryf, hoe om ’n onderhoud te voer, vertaling ens.; en
- die DELF B2 en moontlik C1 eksamens te slaag (volgens individuele aanleg).

## **Derdejaar Sluitstene:**

In Frans moet ’n opstel van ongeveer 8 bladsye ( $\pm$  3000 woorde) oor ’n gekose onderwerp ingehandig word. Hierdie opstelle moet aan die einde van die tweede semester ingehandig word (datums sal tydens lesings aangekondig word).

Riglyne oor die skryf van opstelle en die verwysings is beskikbaar op die departementele webblad, asook die biblioteek se webblad ([www.sun.ac.za/library/](http://www.sun.ac.za/library/))

## Frans 778: Honneurs

**Koördineerder:** Prof. Catherine du Toit / Dr Eric Levéel (tweede semester)  
**Lesingure per week:** 4 lesings, 2 seminare  
**Lektore:** Eric Levéel, Catherine du Toit, Johanna Steyn, Gavin Bowd, Martine Steyn

### Eerste kwartaal

Eric Levéel: Littérature francophone de la Shoah  
Catherine du Toit: Séminaire

### Tweede kwartaal

Johanna Steyn: *Etudes avancées en traduction*  
Martine Steyn: Séminaire

### Derde kwartaal

Gavin Bowd: *Sal later bevestig word*  
Martine Steyn: Séminaire

(Seminare: 2 per week oor gevorderde taalkunde, stilistiek en tolking)

### Evaluering

'n Eksamen word afgelê aan die einde van elke kwartaal. Opdragte word ingedien vir elke individuele tema en studente doen mondelinge voorleggings van hulle werk.

'n Mini-tesis word voorberei deur die hele jaar; in die vierde kwartaal word daar intensief aan hieraan gewerk en die tesis word voorgelê aan die einde van die jaar.

### Algemene uitkomst

Studente wat die kursus suksesvol geslaag het, is in staat om

- hulle met selfvertroue mondeling en skriftelik oor moeilike temas in Frans uit te druk; en
- 'n selfstandige geskrewe navorsingsprojek wat oor Franse Letterkunde en/of beskawingskunde handel, suksesvol te voltooi.

### Spesifieke uitkomst

Na die voltooiing van die Honneursprogram in Frans is 'n student in staat om

- letterkundige tekste van verskillende tydperke te lees en te interpreteer, asook kritiese kommentaar daaroor te lewer;
- die vermoë om sy/haar idees te organiseer en dit duidelik en saaklik in vlot Frans te uiter;
- relevante primêre en sekondêre bronne op te spoor, te beoordeel en te filtreer;
- letterkundige tekste en temas met 'n wyer kulturele konteks in verband te bring; en
- die vaardighede wat in 'n spesifieke vakgebied van navorsingsmetodologie verwerf is, in die skryf van 'n lang navorsingswerkstuk toe te pas.

<b>Frans 878 (180 krediete) Meesters</b>
--

**Koördineerder:** Prof. Catherine du Toit

Hierdie is 'n navorsingstesis met en daar is geen gestruktureerde komponente nie. Suksesvolle voltooiing van die program behels die afhandeling van 'n selfstandige navorsingsprojek en die dokumentering daarvan in die vorm van 'n tesis wat 100% van die prestasiepunt tel. Studente skryf 'n tesis oor 'n onderwerp wat deur die Departement en die kandidaat in onderlinge oorleg bepaal word.

**Algemene uitkomst**

Studente wat die program suksesvol voltooi het, het bewys gelewer van hulle vaardigheid

- om navorsingsgebiede in die Franse letterkunde, taalstudie of beskawingskunde te identifiseer, om hulle kennis oor die navorsingsgebied van hulle keuse op 'n selfstandige wyse te verbeter en hulle kritiese vaardighede deur 'n gedetailleerde studie van 'n navorsingsgebied te ontwikkel; en
- om geskikte navorsingsmetodologië in die geskrewe dokumentering van hulle navorsingsresultate toe te pas.

**Spesifieke uitkomst**

Na die voltooiing van die MA-program in Frans is 'n student in staat om

- selfstandige navorsing op 'n gevorderde akademiese vlak te doen in die vakgebied Franse letterkunde, taalstudie of beskawingskunde;
- bewys te lewer van 'n omvattende kennis en verstaan van die navorsingsgebied van sy/haar keuse;
- bewys te lewer van 'n grondige kennis en verstaan van die beginsels van akademiese navorsing;
- selfstandig te werk te gaan, wat die vermoë om krities na te dink, die handhawing van wetenskaplike ondersoek, selfdisipline en tydsbestuur insluit; en
- akademiese argumente op 'n duidelike en helder wyse weer te lê in 'n geskikte skryfstyl en bewys te lewer van sy/haar beheersing oor geskikte redigering en IT-vaardighede vir professionele gebruik.

<b>Frans 978 (360 krediete) Doktorale Studies (PhD)</b>
---

**Koördineerder:** Prof. Catherine du Toit

Die student onderneem gespesialiseerde, onafhanklike en oorspronklike navorsing en skryf 'n proefskrif, wat 100% van die punt uitmaak. Studente kies 'n proefskrifonderwerp in samewerking met 'n lid van die Departement onder wie se toesig en leiding die proefskrif geskryf moet word. Ten minste drie eksaminators sal die proefskrif eksamineer en daar is 'n mondelinge verdediging van die proefskrif.

## 6. Departementele reëls en riglyne

### 6.1 Deurlopende evaluering

Deurlopende evaluering word gebruik in alle voorgraadse modules van die Departement en daarom is daar geen tweede geleentheid in Junie en November nie. Besonderhede oor die samestelling van punte vir elke module is beskikbaar in die module-uiteensettings sowel as afdeling 7 van hierdie gids.

#### **Deurlopende evaluering beteken die volgende:**

- jy word progressief geëvalueer (formatiewe assessering) namate jy die taal aanleer deur middel van verskillende evalueringsmetodes wat jou lees-, skryf- en luistervaardighede assesseeer;
- jy moet deurgaans werk en kan nie net leer wanneer jy toets skryf nie (samevattende assessering). Toetse dra min gewig in die samestelling van jou finale punt;
- jou finale punt word saamgestel uit 'n groot verskeidenheid kleiner evalueringseleenthede;
- jou finale punt – op watter vlak ook al – kan nie aangepas word deur enige addisionele evalueringseleentheid nie, selfs al is dit die enigste vak wat jy kort om jou graad te kry. Met ander woorde, as jy Frans druipe, is dit as gevolg van 'n akkumulatie van swak punte toegeken deur verskeie dosente dwarsdeur die jaar. Geen enkele evalueringseleentheid kan hierdie akkumulatiewe evaluering vervang nie.

### 6.2 Klasbywoning

Klasbywoning is baie belangrik in die aanleer van 'n taal en sal baie streng gemonitor word. Vordering en die gebrek daaraan is 'n bewys dat klasbywoning die belangrikste rede is vir swak studenteprestasie. Indien jy 'n klas moet mis, onthou asseblief dat dit jou verantwoordelikheid is, en nie die dosent s'n nie, om die inligting en notas te bekom en om die werk op te vang. Geen werk sal herhaal word net vir jou nie. Dit is goeie maniere om jou dosent per e-pos in te lig indien jy afwesig was of sal wees.

**Bywoning van alle lesings, praktiese klasse en tutoriale is verpligtend in alle eenhede van elke module. Klasbywoning sal streng gemonitor word en 'n bywoningsrekord van minder as 70% in enige van die eenhede sal lei tot uitsluiting uit die module sonder enige terugbetaling van fooie.**

### 6.3 Siktetoetse

Neem asseblief kennis dat die Department nie van siktetoetse gebruik maak nie. Indien 'n student nie 'n verpligte toets/mondeling kan aflê nie weens siekte, moet die kursuskoördineerder of dosent binne **24 uur** in kennis gestel word (per e-pos of telefonies, of skakel die sekretaresse by 021-808 2133). Neem asseblief kennis dat 'n individuele siktetoets slegs gereël sal word indien die **oorspronklike, geldige mediese sertifikaat** voorgelê word. Die siktetoets sal plaasvind binne een week na die verstryking van die mediese sertifikaat.

'n Student wat deurgaans sukkel met swak gesondheid behoort dit te oorweeg om die kursus te staak aangesien gereelde afwesigheid sy/haar kans om te slaag ernstig belemmer.

In belang van studente se algemene welsyn sal herhaalde afwesigheid as gevolg van siektes soos diarree, griep of migraine onder die aandag van die universiteit se mediese owerhede gebring word.

## 6.4 Mediese sertifikate

As jy te siek is om klas by te woon, huiswerk te doen of 'n toets te skryf, gaan spreek asseblief 'n dokter en sorg dat jou dosent onmiddellik in kennis gestel word, binne 24 uur. **Geen vooruitgedateerde of later gedateerde mediese sertifikate of kopieë sal aanvaar word nie.** Neem asseblief kennis dat jou dosent die reg voorbehou om jou dokter te kontak. Indien jy die mediese sertifikaat benodig vir ander departemente, bring asseblief die oorspronlike en 'n kopie wat jy by ons kan los en vra die betrokke dosent om die kopie te teken nadat hy/sy die oorspronlike gesien het. Die mediese sertifikaat moet duidelik aantoon of jy verskoon word van klasse en/of toetse en moet leesbaar wees. Die mediese sertifikaat moet voorgelê word onmiddellik na die verstryking daarvan. *Neem asseblief kennis dat jy altyd kan staatmaak op die dosente se begrip, diskresie en ondersteuning in die geval van mediese probleme.*

## 6.5 Toetsbotsings

Indien jou Franse toets bots met 'n toets van 'n ander vak, lig asseblief jou dosent vroegtydig in sodat alternatiewe reëlings getref kan word. Jou dosent sal jou amptelike toetsrooster benodig of a verklaring deur die dosent van die ander vak. Geen alternatiewe reëling sal getref word indien 'n student nie opdaag vir 'n toets nie as gevolg van 'n botsing waarvoor sy/haar dosent nie vooraf ingelig is nie.

## 6.6 Datums vir die inlewering van werksopdragte – Departementele Beleid

Alle werkopdragte moet ingehandig word **voor of op die gestelde dag en op die plek aangedui in die opdrag.** Werkopdragte sal slegs ná die vasgestelde datum aanvaar word indien die student 'n geldige mediese sertifikaat vir die betrokke tydsperiode kan voorlê of indien daar vooraf toestemming verleen is deur die dosent. Vir opsteltipe opdragte sal **10% per dag afgetrek word** vir 'n maksimum van twee dae. Daarna sal die student **0%** kry vir die opdrag. Naweekdae word ook in berekening gebring. Elektroniese kopieë sal slegs aanvaar word indien dit spesifiek vereis word. Huiswerk wat in die verkeerde poshokkie geplaas word of onder kantoordeure gestoot word, sal nie nagesien word nie. Geen opdragte mag by die sekretaresse se kantoor ingehandig word nie.

## 6.7 Plagiaat – Departementele Beleid

### **Neem asseblief kennis:**

Alle opdragte behalwe taalhuiswerk **MOET** vergesel word deur 'n **getekende** plagiaatvorm van die Departement Moderne Vreemde Tale. Geen ander departement se vorm sal aanvaar word nie. Die vorm kan ook afgelaai word van die departementele webblad en lyk so:

Naam : \_\_\_\_\_ Kursus : \_\_\_\_\_

**DEPARTEMENT MODERNE VREEMDE TALE**  
**PLAGIAATVORM**

(Hierdie vorm moet voltooi en ingehandig word saam met elke skriftelike werksopdrag, taaloefeninge uitgesluit.)

**Plagiaat is 'n ernstige oortreding** wat op intellektuele diefstal neerkom. Indien 'n student plagiaat pleeg verbeur hy alle punte vir die betrokke werksopdrag en sal dus **0%** daarvoor ontvang. Die Universiteit van Stellenbosch onderskryf beginsels van uitnemendheid en akademiese integriteit. Gevolglik sal dissiplinêre stappe ingevolge die geldende plagiaatbeleid geneem word teen enige optrede wat inbreuk maak op die akademiese standaarde van die Universiteit van Stellenbosch. Studente sal gepenaliseer word ooreenkomstig fakulteit beleid.

**Wat is plagiaat?**

Plagiaat word gepleeg deur die werk (woorde, idees, intellektuele of artistieke skeppinge), gepubliseer sowel as ongepubliseer, van ander persone oor te neem en aan te bied asof dit die aanbieder (skrywer of spreker) se eie is. Onder plagiaat tel onder andere die volgende oortredings: die indiening van 'n ander persoon se werk, met of sonder sy toestemming, as 'n student se eie; die woord-vir-woord herhaling of direkte vertaling van woorde of sinne uit 'n ander persoon se werk, insluitend die werk van 'n mede-student of uit klasnotas sonder die nodige en korrekte erkenning en verwysing; die aanbied van data wat deur iemand anders ontwikkel of ingesamel is sonder korrekte erkenning van die oorspronklike bron; die indiening van 'n student se eie werk wat reeds vir 'n ander module ingedien is sonder verwysing na die oorspronklike bron; die herhaling van 'n ander persoon se idees in eie woorde sonder erkenning van die oorspronklike bron; die gebruik van enige vertaalprogramme om eie idees in 'n vreemde taal om te skakel in modules waar die korrekte gebruik van die vreemde taal deel uitmaak van die assesseringsproses; die redigering, hersiening, herskrywing van enige werksopdrag deur 'n eksterne moedertaalspreker, onvolledige en/of inkonsekwente verwysings na bronne; die gebruik van direkte aanhalings sonder die gebruik van aanhalingstekens.

Tik  alle punte af voor die werksopdrag ingehandig word.

- Ek het alle vrae volledig beantwoord
- Die opdrag is getik en ek het van dubbelspasiëring gebruik gemaak en genoeg plek in die kantlyn gelaat vir die dosent se kommentaar
- Die lengte van my werksopdrag stem ooreen met dit wat gevra is
- Ek weet wat plagiaat is en dat dit verkeerd is
- Ek het al my bronne duidelik aangedui en my opdrag bevat 'n volledige bibliografie
- Ek het alle aanhalings met aanhalingstekens aangedui
- Ek het nie gebruik gemaak van 'n vertaalprogram nie of die hulp van 'n moedertaalspreker gesoek/verkry nie
- Hierdie opdrag is my eie werk


Verdere opmerkings betreffende die gebruik van bronne of hulp van ander persone ontvang:

Alle werksopdragte moet ingehandig word **voor of op die vasgestelde datum**. Opdragte mag slegs laat ingehandig word indien die student 'n geldige mediese sertifikaat kan toon vir die betrokke periode, of as die student vooraf toestemming van die betrokke lektor verkry het. Indien geen sodanige toestemming verleen is nie, **sal 10% per dag afgetrek word** in alle gevalle vir 'n maksimum van twee dae. Daarna sal die student **0%** ontvang vir die betrokke opdrag. Naweekdae word ook in berekening gebring.

\_\_\_\_\_  
Handtekening

\_\_\_\_\_  
Datum

## 6.8 Wat om te doen indien jy 'n probleem of 'n klage het





## HOU DIE VOLGENDE IN GEDAGTE :

- Dit is die beste om die probleem op te los op die eerste twee vlakke voordat buitepersone betrek word.
- Moenie vlakke spring nie!
- Stel probleme waar moontlik op skrif sodat jy seker is dat jy jouself goed uitdruk.
- Kies 'n geleë tyd om dosente te spreek : tydens spreekure of per afspraak.
- Indien jy kies om jou ouers te betrek, maak asseblief seker dat hulle ten volle ingelig is, ook wat betref reëls in die Departement en die voorgeskiedenis van die probleem of klagte.
- Maak seker dat jy werklik al die voorafgaande moontlikhede probeer het voor jy die vyfde vlak bereik.
- Moenie wag todat 'n probleem te groot of pynlik word voor jy dit met die regte persone bespreek nie.
- Die suksesvolle hantering van individuele of algemene probleme help ons om ons akademiese aanbod te verbeter.
- Buiten probleme en klagtes waardeer ons ook enige opbouende kritiek en kreatiewe insette. Jy hoef nie te wag vir die studente-evalueringsvorme om jou daarvoor uit te spreek nie! Probeer terselfdertyd ook dink aan praktiese oplossings vir die probleme wat jy raaksien.

## 6.9 Pryse

Aan die einde van elke jaar word pryse oorhandig aan die beste studente in elke jaargroep in Frans. Besoek die webblad vir meer inligting.

## 6.10 Algemeen

Wees betyds vir jou lesings. Toon respek teenoor jou dosent en mede studente en maak seker dat jou selfoon en/of tablet afgeskakel is. **Moenie sms'e stuur of die internet raadpleeg op jou selfoon of ander toestel tydens lesings nie. Studente sal versoek word om die lesinglokaal te verlaat indien hulle selfoon of elektroniese apparaat belangriker is as die lesing.**

Indien jy laat opdaag vir 'n toets sal **geen** ekstra tyd toegestaan word nie en jy moet jou toets saam met die res van die klas inhandig.

Indien jy nie die dosent hoor of verstaan nie, steek jou hand in die lug en vra hom/haar om te herhaal. Moenie die dosent en ander studente steur deur met ander mense in die klas te praat nie.

Wanneer jy per e-pos met jou dosent korrespondeer, toon respek en gebruik die regte aanspreekvorm. Begin jou boodskap met: *Cher monsieur/chère madame*. Dit is ongemanierd om met 'n naam te gebruik. As jy in Engels of Afrikaans skryf, gebruik jou dosent se korrekte akademiese titel, d.w.s. Professor, Doktor ens. Eindig met *Cordialement* of *Bien à vous* en onthou om jou naam en studentenommer by te voeg. Maak ook seker dat jy die onderwerp van die korrespondensie in die onderwerpslyn aandui.

Indien jy jou dosent persoonlik moet spreek, gaan na sy/haar kantoor tydens die dosent se konsultasietye (aangedui op die kantoordeur), **of maak 'n afspraak per e-pos of telefonies.**

## 7. Punttoekenning

<b>Frans 178 (24 krediete)</b> <b>Inleiding tot die Franse Taal en Kultuur</b>
---

### Evalueringsgewig versprei oor die jaar

<b>Soort evaluering</b>	<b>Gewig</b>
Toetse ( <b>al</b> vier kwartaaltoetse is verpligtend)	20%
Ander (huiswerk of klastoetse)	50%
Tutoriale	10%
Praktiese klasse	15%
Mondelinge ( <b>alle</b> mondelinge is verpligtend)	5%

<b>Frans 188 (24 krediete)</b> <b>Intermediêre Studie van die Franse Taal, Literatuur en Kultuur</b>
---

### Evalueringsgewig versprei oor die jaar

<b>Soort evaluering</b>	<b>Gewig</b>
Taaltoetse ( <b>al</b> vier kwartaaltoetse is verpligtend)	15%
Taal (huiswerk of klastoetse)	15%
Letterkunde (opdragte en toetse)	35%
Kommunikasie (mondelinge voorleggings en geskrewe huiswerk)	20%
Tutoriale (huiswerk en toetse)	10%
Mondelinge ( <b>alle</b> mondelinge is verpligtend)	5%

<b>Frans 278 (32 krediete)</b> <b>Voortgesette Studie van die Franse Taal, Literatuur en Kultuur</b>
---

### Evalueringsgewig versprei oor die jaar

<b>Soort evaluering</b>	<b>Gewig in Eerste Semester</b>
Taaltoetse ( <b>al</b> vier kwartaaltoetse is verpligtend)	15%
Taal (huiswerk of klastoetse)	20%
Letterkunde (opdragte en toetse)	30%
Kommunikasie (mondelinge voorleggings en geskrewe huiswerk)	20%
Tutoriale (toetse en huiswerk)	10%
Mondeling ( <b>verpligtend</b> )	5%

<b>Soort evaluering</b>	<b>Gewig in Tweede Semester</b>
Taaltoetse ( <b>al</b> vier kwartaaltoetse is verpligtend)	15%
Taal (huiswerk of klastoetse)	15%
Letterkunde (opdragte en toetse)	40%
Kommunikasie (mondellinge voorleggings en geskrewe huiswerk)	20%
Tutoriale	5%
Mondeling ( <b>verpligtend</b> )	5%

**Frans 318 (24 krediete)**  
**Gevorderde Studie van die Franse Taal, Literatuur en Kultuur I**  
**Frans 348 (24 krediete)**  
**Gevorderde Studie van die Franse Taal, Literatuur en Kultuur II**

**Evalueringsgewig versprei oor die jaar**

<b>Soort evaluering</b>	<b>Gewig vir Frans 318</b>	
	<b>Eerste kwartaal</b>	<b>Tweede kwartaal</b>
Taaltoetse ( <b>albei</b> kwartaaltoetse is verpligtend)	15%	15%
Taal (huiswerk of klastoetse)	15%	15%
Letterkunde (opdragte)	45%	45%
Kommunikasie (mondellinge voorleggings en geskrewe huiswerk)	25%	20%
Mondeling (verpligtend)		5%

<b>Soort evaluering</b>	<b>Gewig vir Frans 348</b>	
	<b>Derde kwartaal</b>	<b>Vierde kwartaal</b>
Taaltoetse ( <b>albei</b> kwartaaltoetse is verpligtend)	15%	15%
Taal (huiswerk of klastoetse)	15%	15%
Letterkunde (opdragte)	45%	35%
Sluitsteen/Navorsingsprojek (verpligtend)		10%
Kommunikasie (mondellinge voorleggings en geskrewe huiswerk)	25%	20%
Mondeling (verpligtend)		5%

<b>Frans 778 (120 krediete) Honneurs</b>
--

**Daar is twee verpligte modules:**

10174 Littérature française 771 (90 krediete)

10175 Mini-mémoire 772 (30 krediete)

**'n Minimum van 50% moet in elke module behaal word om die program suksesvol te voltooi.**

**Evalueringsgewig versprei oor die jaar**

**Frans 771**

3 Eksamens	48%
------------	-----

Klaswerk in 3 eenhede	52%
-----------------------	-----

**Frans 772**

Mini-tesis	90%
------------	-----

Mondelinge eksamen	10%
--------------------	-----

## 8. Belangrike datums

### 8.1 Kwartaaldatums 2015

	Datums	Openbare vakansiedae
<b>Eerste kwartaal:</b>	Maan 1 Feb – Vry 18 Maart (7 weke)	Maandag 21 Maart – Menseregte dag Vrydag 25 Maart – Goeie Vrydag
	<b><u>LAASTE DAG VIR VERANDERING VAN MODULES: 12 FEBRUARIE</u></b>	
<b>Tweede kwartaal:</b>	Dinsdag 29 Maart – Vry 13 Mei (7 weke) (Einde van 1ste semester: Vrydag 24 Junie)	Reses: 19 – 28 Maart Maan 28 Maart – Gesinsdag/Paasmaandag Woensdag 17 April – Vryheidsdag Sondag 1 Mei – Werkersdag Maan 2 Mei – Openbare vakansiedag Donderdag 16 Junie – Jeugdag
	<i><u>Donderdag 5 Mei: Maandagrooster word gevolg</u></i>	
	<b><u>29 APRIL: LAASTE DAG VIR DEREGISTRASIE VAN EERSTE SEMESTER MODULES</u></b>	
<b>Derde kwartaal:</b>	Maan 18 Julie – Vrydag 2 Sep (7 weke)	Dinsdag 9 Augustus – Nasionale Vrouedag
	<b><u>LAASTE DAG VIR VERANDERING VAN MODULES: 29 JULIE</u></b>	
<b>Vierde kwartaal:</b>	Maan 12 Sep – Vrydag 21 Okt (6 weke) (Einde van 2e semester: Vrydag 9 Desember)	Reses: 3 – 11 September Saterdag 24 September – Erfenisdag
	<b><u>30 SEPTEMBER: LAASTE DAG VIR DEREGISTRASIE VIR TWEDE SEMESTER MODULES</u></b>	

## 8.2 Toetsdatums

Tesame met die geskrewe toetse, sal daar ook **verpligte mondelinge vir elke module** aan die einde van elke semester afgelê word. Datums sal gedurende lesings aangekondig en op kennisgewingborde aangebring word.

### **Frans 178:**

Donderdag 17 Maart (Groepe 1, 3, 5 in klastyd) Vrydag 18 Maart (Groepe 2, 4, 6 in klastyd)

Donderdag 12 Mei (17h30 -19h30)

Donderdag 1 September (Groepe 1, 3, 5 in klastyd), Vrydag 2 September (Groepe 2, 4, 6 in klastyd)

Donderdag 20 Oktober (17h30 – 19h30)

### **Frans 188:**

Vrydag 18 Maart (in klastyd)

Donderdag 12 Mei (17h30 – 19h30)

Vrydag 2 September (in klastyd)

Donderdag 20 Oktober (17h30 – 19h30)

### **Frans 278:**

Donderdag 17 Maart (in klastyd)

Donderdag 12 Mei (17h30 – 19h30)

Dinsdag 30 Augustus (in klastyd)

Donderdag 20 Oktober (17h30 – 19h30)

### **Frans 318: (1ste semester)**

Woensdag 16 Maart (17h30 – 20h30)

Woensdag 11 Mei (17h30 – 20h00)

### **Frans 348: (2e semester)**

Woensdag 31 Augustus (17h30 – 20h00)

Woensdag 19 Oktober (17h30 – 20h30)

## 9. Roosters

	<b>1</b>	<b>2</b>	<b>3</b>	<b>4</b>	<b>5</b>
Frans 178 (Groep 1)	Maan 08:00	Wo 09:00	Do 12:00		
Frans 178 (Groep 2)	Maan 16:00	Di 14:00	Vr 10:00		
Frans 178 (Tut) (Groep 1)	Maan 09:00	Do 08:00			
Frans 178 (Tut) (Groep 2)	Maan 11:00	Wo 10:00			
Frans 178 (Tut) (Groep 3)	Di 08:00	Vr 11:00			
Frans 178 (Tut) (Groep 4)	Di 15:00	Do 10:00			
Frans 178 (Tut) (Groep 5)	Di 09:00	Vr 12:00			
Frans 188	Maan 16:00	Di 14:00	Wo 13:00	Vr 10:00	
Frans 278	Maan 15:00	Di 12:00	Do 14:00		
Frans 278	Di 11:00 (Tut 1)	Di 16:00 (Tut 2)	Wo 10:00 (Tut 3)		
Frans 278	Ma 11:00 (Komm 1)	Wo 11:00 (Komm 2)	Wo 12:00 (Komm 3)	Wo 14:00 (Komm 4)	Do 11.00 (Komm 05)
Frans 318 348	Maan 14:00	Di 11:00	Do 09:00	Do 16:00	Ekstra klas